GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

23 Augustus 2019

Geagte koshuisouers

Die Suid Afrikaanse skolewet bepaal dat skoolgelde vooruitbetaalbaar is, dus moet dit aan die begin van elke jaar betaal word.

Grey Kollege maak wel die vergunning dat ouers die skoolgelde maandeliks of kwartaalliks kan betaal indien hulle 'n skriftelike ooreenkoms met die skool aangaan.

Aangeheg is die finansiële kontrak (bl. 2-3) wat voltooi en onderteken moet word deur elke voornemende Grey-seun se ouers. Indien u hierdie dokument voor of op **30 Augustus 2019** teken en e-pos na fees@gc.co.za of faks na 051-444 5848, sowel as die uiteengesette deposito betaal, het u seun plek in die koshuis en skool.

Die getekende dokument moet vergesel word deur die bewys van betaling van 'n **nie-terugbetaalbare** deposito bedrag van R9 000. Let asb. dan R4 500 in die koshuisrekening en R4 500 vir skoolgelde in die skoolgelderekening betaal word. Die deposito's word as betaling vir koshuis- en skoolgelde aangewend.

Indien die bostaande dokumente nie op 30 Augustus 2019 ingehandig is nie, sal u seun sy plek verbeur.

Net die **finansiële kontrak** moet na fees@gc.co.za gestuur of gefaks word na 051–444 5848.

Die bankbesonderhede is :

GREY KOLLEGE KOSHUISFONDS
NEDBANK
REK NR: 112 920 6815
TAKKODE: 198 765
Bedrag: R4 500

GREY KOLLEGE SEKONDêRE SKOOL
NEDBANK
REK NR: 112 920 6793
TAKKODE: 198 765
Bedrag: R4 500.00

U samewerking word waardeer.

Grey-groete

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za

GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

D. SCHEEPERS
Skoolhoof

N. MARITZ
Registrateur

Finansiële Koshuiskontrak

NAAM VAN LEERDER:……**GRAAD:** ….....(2020)

Grey Kollege

BEPALINGS EN VOORWAARDES

Grey- Kollege hef, volgens wet, verpligte skool- en koshuisgeld ten opsigte van elke leerling in die skool & koshuis. Betaling hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van koshuisgeld /skoolgeld.

2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Gelde is volledig betaalbaar aan die begin van elke kwartaal en dus op die volgende datums: 13 Januarie 2020, 30 Maart 2020 en 06 Julie 2020. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, d.w.s tjek ,kredietkaart of elektroniese oorplasing.

Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word die volle uitstaande jaarbalans van skool- en koshuisgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. Grey Kollege mag dan, sou volledige betaling nie onmiddellik geskied nie, die volle bedrag vir invordering oorhandig.
Indien die koshuisgeld EEN kwartaal agterstallig is, word die akkommodasie verbeur.

3. Indien agterstallige gelde oorhandig word vir invordering, word die ouer/voog aanspreeklik gehou vir alle invorderingskommissies se kostes en fooie in terme van Wet 114 van 1998.

4. **KENNIS GEE OM KOSHUIS TE VERLAAT**: EEN skoolkwartaal skriftelike kennisgewing word vereis indien ‘n leerder die koshuis wil verlaat; anders bly u steeds vir die res van die jaar se losies verantwoordelik.
Gr 12 koshuisleerders is ook verantwoordelik vir die volle derde betaling van koshuisgelde, ongeag of daar aan die begin van die derde kwartaal kennis gegee word om die koshuis te verlaat.

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za

5. Alle nuwe koshuisseuns moet 'n depositobedrag van R9 000 teen 30 Augustus 2019 betaal (R4 500.00 na Grey Kollegekoshuisfonds en R4 500.00 na Grey Kollegeskoolfonds) om sy plek in die skool te verseker. Die deposito bedrag is nie terugbetaalbaar nie en sal verbeur word indien die seun die skool sou verlaat of nie sy plek in die opvolgende jaar inneem nie.

6. Die skool en koshuisgelde vir 2020 is nog nie vasgestel nie, maar die volgende betalings opsies is beskikbaar. Dui asseblief aan op watter wyse u onderneem om te betaal:

KOSHUIS

6.1 Eenmalige betaling
Koshuis – jaarliks vooruit voor of op 13 Januarie 2020. ☐

6.2 Drie betalings: 13 Januarie 2020
30 Maart 2020
6 Julie 2020 ☐

6.3 Ek wil graag 'n verdere vrywillige skenking van R.....ten bate van die Kapitaalfonds van die skool maak. Beplande datum van betaling.....

7. Neem kennis dat leerders verplig is om reiskostes te betaal tov skooltoere, ongeag of daar alternatiewe reëlings goedgekeur word.

Deur ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalings en onderneem om die skool- en koshuisgeld stiptelik te betaal soos hierbo onderneem.

Geteken op hierdie ……..... dag van …….....…..... 20..... te ……..

…….. ……..
HANDTEKENING HANDTEKENING
Vader/voog Moeder/voog

GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

BANKBESONDERHEDE:

Skool- en koshuisgeld word in verskillende rekeninge inbetaal.

KOSHUISGELDE:
SLEGS koshuisfooie word in die Koshuisfondsrekening inbetaal. Gebruik asb. u seun se VOORLETTERS EN VAN/2020 as verwing met jul eerste betaling. Na Februarie verander u "2020" na hul leerdernommer. U kan daardie nommer by Mev Gordon by finansies kry of op hul skoolrapporte (dit is die Toelatingsnr).

SKOOLGELDE:
Inbetalings tov skoolgelde moet in die skoolrekening inbetaal word. Gebruik asb. u seun se VOORLETTERS EN VAN/2020 as verwysing. Na Februarie verander u "2020" na hul leerdernommer. U kan daardie nommer by Mev Gordon by Finansies kry of op hul skoolrapporte (dit is die Toelatingsnr).

Net **betalingsbewyse** van koshuis- en skoolgelde moet gestuur word na payments@gc.co.za of gefaks word na 051–444 5848.

ANDER INBETALINGS:
Ander betalings moet via die Karri toep gemaak word.

BANKBESONDERHEDE

GREY KOLLEGE KOSHUISFONDS
NEDBANK
REK NR: 112 920 6815
TAKKODE: 198 765
R4 500

GREY KOLLEGE SEKONDêRE SKOOL
NEDBANK

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za

GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded
REK NR: 112 920 6793
TAKKODE: 198 765

R4 500

NEEM KENNIS: R9 000.00 deposito vir koshuisleerders = R4 500.00 vir koshuis en R4 500.00 vir skool.

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za